Die voortsetting van die Suid-Afrikaanse wonderwerk
Die FW de Klerk Stigting

PERSVERKLARING

OPENINGSVERKLARING DEUR MNR F W DE KLERK IN DIE ASHBURTON DEBAT: JERSEY, 16 NOVEMBER 2006

MNR FW DE KLERK, voormalige staatspresident, Nobel Vredespryswenner en tans hoof van die FW de Klerk Stigting, was een van die geleentheidsprekers by die jaarlikse Ashburton debat wat vandag (Donderdag 16 November 2006) in Jersey gehou is. Mnr De Klerk het die debat, wat die vraag of demokratiese politiek globalisering belemmer, geopen.

Ander sprekers by die geleentheid was Jersey se eerste minister, senator Frank Walker, die ekonomiese kommentator van die *Times*; Anatole Latesky, Ashburton se wêreld-beleggingstrateeg Peter Lucas en een van sy direkteure, Ian King.

"Hierdie vraag is nie alleen relevant vir die toekoms van globalisering nie, maar ook vir die inherente sterktes of swakhede in demokratiese nasionale state.

"In demokratiese stelsels is besluitneming per definisie in die hande van die meerderheid. Die meerderheid sal egter dikwels besluite neem ten gunste van die gemak en veiligheid van korttermynvoordele. Hulle verkies dit bo opofferings en onsekerheid wat dikwels noodsaaklik is om langtermyn- en blywende voordele te verseker. Gevolglik is daar 'n sterk neiging om die bedreiging van kompetisie te hanteer deur binnelandse markte te beskerm deur handelsbeperkings en subsidies, eerder as om die kompetisie in die gesig te kyk deur harder en slimmer te werk," het mnr De Klerk tydens die opening van die debat gesê..

Volgens mnr De Klerk wil die meerderheid dikwels arbeidsbeleid ondersteun wat maksimum lone en minimum werksure verseker. Die feit dat die langtermyngevolge werksverliese kan meebring, word gerieflikheidshalwe geïgnoreer.

"Kyk net na verskeie toonaangewende lande in Europa. Die meerderheid sal dikwels maatskaplike en bestaansekerheid ondersteun wat uiteindelik onvolhoubaar is. 'n Voorbeeld hiervan is die ongegronde en onbekostigbare aanspreeklikheid vir bestaansekerheid van die Verenigde State. Volgens die Cato Instituut beloop die tekort aan befondsing vir bestaansveiligheid tans sowat US $15 triljoen.

"Die probleem is dat elke tree weg van kompetisie en vrye markte gewoonlik 'n vermindering van vryheid en 'n vermeerdering van beskerming van spesiale belange meebring. En die ontwikkelende wêreld moet die prys daarvoor betaal," het hy gesê.

Mnr De Klerk het gesê dat toe die regerings van die Europese Unie (EU) en Noord-Amerika hul boere kunsmatig met tot soveel as $350 biljoen per jaar gesubsidieer het, hulle die vryheid van boere van ontwikkelende lande om op die een gebied waar hulle die kompeterende voordeel het, verklein het. Rigiede arbeidswette en hoë minimum lone verminder die vryheid van werkloses om werk te bekom en beskerm die spesiale belange van vakbonde

Hy het gesê dat oormatige en duur maatskaplike programme die vryheid van die produktiewe sektore van ekonomieë belemmer deur die verhoging van belastings. Hulle beskerm die spesiale belange wat verteenwoordig word deur die ontvangers van welsyn en die amptenare wat welsynsprogramme bestuur tot die langtermyn nadeel van almal.

“Ondervinding het ons geleer dat vryheid werk. Die ekonomieë wat die minste beperkings het, is gewoonlik die ekonomieë wat die grootste groei toon, die hoogste per kapita inkomste het, die laagste werkloosheidsyfer toon en die vryste politieke stelsel het. Dit is omdat vrye markte gewoonlik hulpbronne doeltreffend toeken en inisiatief, hardwerkendheid en vindingrykheid beloon, alles faktore wat benodig word vir volhoubare sukses.

“Ongelukkig sal regerings wat deur direkte globale kompetisie gekonfronteer word, te dikwels toegee aan eise van hul kiesers vir die korttermyn gemak en veiligheid van subsidies. Versoekings in ‘n globaliserende wêreld moet doelgerig teengestaan word omdat vrye handel die stimulus verskaf wat ontwikkelende nodig het om uit hul traagheid te ontsnap en weer eens meer kreatief en kompeterend te word. Vrye handel verhoog ook globale rykdom en dus die totale welstand van die mensdom. Dit het tussen 1960 en 1990 ‘n derde van die wêreld se bevolking uit absolute armoede verhef en dit kan nou dieselfde doen vir twee biljoen Indiërs en Chinese,” het hy gesê.

Mnr De Klerk het gesê die probleem van ‘n groeiende gaping tussen die ryk en arm lande van die wêreld moet aangespreek word. Die internasionale handelstelsel moet bevry word en die speelvelde vir alle betrokkenes moet gelyk gemaak word sonder enige versteekte subsidies vir Westerse boere of Chinese nywerhede. Ernstige handelsonderhandelings wat ‘n vrye en regverdige bestel vir alle deelnemers sal verseker, is nodig.

Hy het gesê dat die realiteit terselfdertyd voorskryf dat baie lande in die ontwikkelende wêreld meer as net gelyke speelvelde benodig. Hulle het ook hulp nodig om kompeterend te kan raak. Op die een of ander manier misluk spesiale instellings wat hierdie behoeftes moes aanspreek om hul doel te bereik. Die IMF en die Wêreldbank, ondanks die feit dat hulle goeie werk verrig, skryf dikwels vereistes voor waarvoor hierdie lande net eenvoudig nie die kapasiteit het nie. Fundamentele hervorming op hierdie gebied word daagliks van meer belang. Afrika en ander ontwikkelende dele van die wêreld sal ook hul kant moet bring.

“Ten slotte is die vraag onder bespreking ook ‘n harde werklikheid vir Suid-Afrika. Ons toekomstige sukses sal bepaal word deur ons vermoë om populistiese oproepe vir versnelde herverdeling van grond en rykdom te kan weerstaan, en deur ons vermoë om die markverwante beleidsrigtings van president Mbeki en Minister Trevor Manuel te kan voortsit.

“Ons moet egter vryheid in ander sektore van ons ekonomie ook versterk – veral in ons rigiede arbeidsmark wat dit tans baie moeilik maak vir bykans 40% van swart Suid-Afrikaners om werk te kry. Ons benodig vryheid van oorregulasie van ons klein – en mediumgrote sake-ondernemings en ons moet vry wees van misdaad.

"Ek wil afsluit met 'n eenvoudige stelling. Globalisering is 'n werklikheid. Dit is 'n proses en nie 'n beleid nie. Dit gebeur en vir baie bring dit groter welvaart. Dit is egter nie tot voordeel van die armstes van die arm gedeelte van die globale gemeenskap nie. Tensy ons dit vir almal kan laat werk, kan dit 'n tydbom word. 'n Balans is nodig tussen nasionale en globale belange – tussen dit wat die ontwikkelde wêreld het om te wen uit globalisering en dit wat dit terugsit om die ontwikkelende wêreld mede-begunstigdes te maak," het mnr De Klerk afgesluit.

Uitgereik deur die FW de Klerk Stigting
Navrae: Danie Keet
Tel: +27(0) 21 930-3622
Sel: +27 (0) 82 453 4350
E-pos: dkeet@cfcr.org.za